Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 13 DESEMBER 2018 OM 14:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Goliath, M S I (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame- en raadshere, raadslede en amptenare.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Pastoor De Waal Esterhuizen van die Sofar Gemeente, Malmesbury wat die vergadering open met skriflesing en gebed.

Die Speaker, namens die Raad, dra sy gelukwensing oor aan rdl V D McQuire en die tolk, mnr T P Dapula, wat verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl V D McQuire.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019-2020/2021 SPESIALE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 -2018/2019)

Die verslag, op versoek van rdl N S Zatu, word deur die Direkteur: Finansiële Dienste toegelig met spesifieke verwysing na addisionele befondsing wat ingevolge die *Division of Revenue Act* (DORA) in die Provinsiale Koerant van 22 November 2018 afgekondig

4.1/...

is, asook die goedkeuring wat vanaf Provinsie ontvang is om fondse vanaf die 2017/2018 finansiële jaar oor te rol. Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel ook die effek van die afkondiging op die meerjarige begroting.

Die Munisipale Bestuurder, op navraag van rdl D B Philander, gee agtergrond tot die fondse wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid vir 'n honde-eenheid bewillig is. Die skenking spruit voort uit die fasiliteringsrol wat Swartland Munisipaliteit speel om 'n geïntegreerde veiligheidsinisiatief te vestig, asook die ernstige probleem wat met dwelmsmokkelaars langs die N7 ondervind word. Die snuffelhonde sal dus, onder andere, by die weegbrug langs die N7 by Moorreesburg ontplooi word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die fondse vanaf die Departement Menslike Nedersettings ontvang is om grond in Kalbaskraal en Riebeek Kasteel aan te koop vir behuisingsdoeleindes, asook vir die aanstelling van 'n implementeringsagent vir vermelde projekte.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee agtergrond tot die fondse wat ontvang is vir die skep van interim dienste vir die Sibanye Sqaure-informele nedersetting op Moorreesburg, asook die skep van 130 addisionele gedienste erwe om agterplaas bewoners te akkommodeer.

Die Munisipale Bestuurder noem dat Swartland Munisipaliteit bevoorreg is om hierdie addisionele fondse te ontvang. Dit is 'n aanduiding dat die betrokke provinsiale departemente vertroue het dat aan betrokke projekte uitvoering gegee sal kan word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met vyftien stemme ten gunste daarvan, en sewe raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

[Soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 13 Desember 2018] –

(a) Dat, gegewe die aansuiwerings, die Begrotingsbeheerkomitee dringend vergader het om die nodige verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;

(b) Dat in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n vermindering in die begrote surplus (uitgesluit kapitale toekennings) van R10 951 610 na R10 914 610. Die aanpassings in 2019/2020 sal lei tot 'n vermindering in die begrote surplus (uitgesluit kapitale toekennings) van R38 991 425 na R15 211 425 en in 2020/2021 van R58 670 849 na R33 870 849 weens die Menslike Nedersetting se toekenning wat as inkomste begroot was maar geen bedryfs- en kapitaalprojekte gehad het toe die 2018/2019 MTREF begroting goedgekeur was in Mei 2018;

(c) Dat in ag geneem word dat die 2018/2019 spesiale aansuiweringsbegroting 'n impak het op die 2019/2020 en 2020/2021 buite finansiële jare se kapitaal, bedryfs- en balansstaat begroting as gevolg van die nuut goedgekeurde behuisingsprojekte en topstruktuur behuising begrotings wat skuif vanaf die bedryfsbegroting na die balansstaat begroting;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde WCFM Capacity Building Grant: Student Bursaries en WCFM Support Grant: Caseware befondsing soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2017/2018 finansiële jaar (verwys na besonderhede onder 2.2);

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **Aanhangsel B** uiteengesit;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

4.1/...

(g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019, 2019/2020 en 2020/2021 as volg te wysig:

	2018/19 Oorspronklike Begroting	2018/19 Oorrol Aansuiwerings begroting	2018/19 Spesiale Aansuiwerings begroting	2019/20 Oorspronklike Begroting	2019/20 Gewysigde Begroting	2020/21 Oorspronklike Begroting	2020/21 Gewysigde Begroting
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 97 544 038	R 124 324 038	R 123 974 860	R 148 774 860
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 711 223 093	R 711 223 093	R 730 314 794	R 730 314 794
Bedryfsinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 792 475 517	R 795 475 517	R 831 670 644	R 831 670 644
Begrote (- Surplus)/ Tekort	R -47 926 610	R -51 742 724	R -60 586 724	R -81 252 425	R -84 252 425	R -101 355 849	R -101 355 849
Minus Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 42 261 000	R 69 041 000	R 42 685 000	R 67 485 000
(- Surplus)/ Tekort	R -10 951 610	R -10 951 610	R -10 914 610	R -38 991 425	R -15 211 425	R -58 670 849	R -33 870 849

4.2 IMPLEMENTERING VAN VLAK 3 WATERBEPERKINGS EN VERLAAGDE WATERTARIEWE (16/1/1/7)

Na afloop van ‘n vergadering met die Departement van Waterwese en Sanitasie met die waterverbruikers in die Wes-Kaap het sommige munisipaliteite reeds die strenger waterbeperkings opgelig. Alhoewel die nasionale regering ‘n besparing van 10% tot 20% voorstel gebaseer op reënval vooruitskattings, word aanbeveel dat – soos in die geval van Stad Kaapstad en Drakenstein Munisipaliteit – waterbeperkings ingestel word met die oog om 30% besparing te bereik.

Rdl D B Philander noem dat, alhoewel die ANC die verlaagde tariewe verwelkom, daar nie saamgestem word om die boete van R2000 in te stel nie, en dat die basiese heffing van R86.50 (BTW uitgesluit) geskrap behoort te word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik, met verwysing na toepaslike wetgewing, waarom die basiese heffing nie op hierdie stadium geskrap kan word nie, en dat dit slegs hersien kan word met die oorweging van die begroting vir die nuwe finansiële jaar.

Die Uitvoerende Burgemeester verskaf verdere toeligting aan die Raad, met ‘n vergelyking van Swartland Munisipaliteit se basiese heffing en verlaagde tariewe met omliggende munisipaliteite (wat op aanvraag beskikbaar gestel kan word), wat ‘n aanduiding is dat Swartland Munisipaliteit se tariewe as billik beskou kan word. Dit word bevestig dat die boete van R2000 deur die Hof bepaal is en, soos die kennisgewing aandui, op persone bedien sal word wat nie gehoor gee aan die beperkingmaatreëls nie. Die boete is dus nie meer van toepassing op verbruikers wat meer as die toegelate 20kl/maand gebruik nie.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die misbruik van water deur deernishuishoudings (tot R50 000/maand) ‘n groot bekommernis is wat, onder andere, daartoe lei dat R1.6 miljoen aan slegte skulde afgeskryf moet word. Dit in weerwil dat die diens gratis voorsien word en dat die basiese heffing van R86.50 (BTW uitgesluit) ook gesubsidieer word. Gedagtig hieraan beklemtoon die Uitvoerende Burgemeester dat die Raad wel omsien na die armste van armes.

Rdl F S Humphreys, met verwysing na die onlangse optogte, doen ‘n beroep op die Raad om die gemeenskap in ag te neem wanneer besluite geneem word.

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT
(op voorstel van raadsheer T van Essen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Vlak 3-waterbeperkings soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, om minstens 'n 30% besparing te kan bly bewerkstellig, aanvaar word vir implementering met ingang vanaf 14 Desember 2018;

(b) Dat die volgende watertariewe, BTW uitgesluit, soos goedgekeur deur die Raad op 7 September 2018, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Januarie 2019 vir betaling teen 31 Januarie 2019 gelewer sal word:

(i) t.o.v. huishoudelike verbruikers:

	Tarief per eenheid (kl)
0 - 4 kl	R 5.13
5 - 10 kl	R 8.80
11 - 15 kl	R 16.06
16 - 20 kl	R 16.61
21 - 25 kl	R 30.18
26 - 50 kl	R 62.90
51 kl & meer	R 86.80

(ii) t.o.v. besighede: R22.00 vanaf die 1ste kiloliter verbruik
(iii) t.o.v. skole, regeringsinstellings en sportklubs: R23.32 vanaf die 1ste kiloliter verbruik

(c) Dat die gewysigde waterbeperkings en –tariewe by wyse van 'n publieke kennisgewing onder die aandag van die publiek gebring word.

4.3 ONDERSOEK AANGAANDE DIE LAAT INDIENING VAN DIE JAARLIKSE FINANSIëLE STATE IN TERME VAN ARTIKEL 33 VAN DIE MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUURSWET, 2003 (5/15/1/5)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die finansiële state vir die 2017/2018 finansiële jaar nie betyds by die Ouditeur-Generaal ingedien kon word soos vereis deur die MFMA nie. Die laat indiening van die finansiële state het egter nie 'n impak op óf die ouditprosesse van die Ouditeur-Generaal, óf die voorlegging van die Jaarverslag, óf die leser van die state nie.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat daar geen definisie is wat die laat indiening van finansiële state as substantief beskou nie, en is die uitslag alleenlik gebaseer op die professionele opinie van die Ouditeur wat die ter plaatse oudit uitvoer. Vir hierdie rede het Overstand Munisipaliteit, nieteenstaande die feit dat die finansiële state ±4 ure laat ingedien was, 'n skoon oudit verkry.

Die Munisipale Bestuurder noem dat Nasionale Tesourie 'n omsendbrief in Augustus 2018 uitgereik het wat bevestig dat enige oponthoud wat deur mSCOA veroorsaak word in die opstel van die finansiële state nie as substantief geag sal word nie. Swartland Munisipaliteit was egter nie bereid om finansiële state met wanvoorstellings in te dien nie.

Die dienste van 'n regsfirma is dus verkry om Swartland Munisipaliteit se standpunt, met voormelde in ag genome, aan die Ouditeur-Generaal deur te gee.

Rdl F S Humphreys noem dat, alhoewel dit baie hartseer is dat Swartland Munisipaliteit nie hierdie jaar kan deel in die vreugde van omliggende munisipaliteite wat skoon oudits bekom het nie, die Munisipaliteit moet volstaan met die uitslag van die Ouditeur-Generaal en nie belastingbetalers se geld gebruik om die uitspraak in die Hof te beveg nie.

Die Uitvoerende Burgemeester het die Interne Ouditeur versoek om 'n ondersoek te loods insake die redes vir die laat indiening van die finansiële state en word

Besluit/...

4.3/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word dat die versuim om die 2017/2018 Finansiële State op/voor die sperdatum van 31 Augustus 2018 voor te lê nie toegeskryf kan word aan ‘n gebrek aan interne beheerkontoles nie en dat dit buite die beheer van Bestuur en betrokke personeel was. Gevolglik was dit nie nodig om dissiplinêre aksies teen die Rekenpligtige Beampte of enige ander amptenaar in te stel nie;

(b) Die volgende aksieplanne sal geïmplementeer en gemonitor word ten einde ‘n herhaling van voormelde te voorkom:
   (i) die Hoof Finansiële Beampte moet voortdurend met R-Data skakel om te verseker dat die ontwikkeling van die finansiële stelsel, Promun, veral die vaste bate-module, teen Maart 2019 aan die mSCOA-vereistes voldoen;
   (ii) departementshoofde moet toesien dat sperdatums ten opsigte van jaareindprosesse nagekom word insake die indiening van rekwisisies en sertfisering van fakture vir betaling;
   (iii) vaslegging van alle nuwe bates/beskikking/waardedaling/waarde-vermindering (uitgesluit die ontbondelde bates) gedurende die huidige finansiële jaar en integrasie met finansiële stelsel moet eers “aflyn” getoets word. Daarna moet die gladde integrasie van data en akkuraatheid van oorplasing na die Algemene Grootboek nagegaan word, alvorens integrasie met finansiële stelsel aanlyn geskied;
   (iv) die ontbondelingsfunksie moet voor jaareinde gedurende die tweede week van Augustus 2019 “aflyn” getoets word. Die gladde integrasie van data moet verseker word sonder per hand intervensies waardeur data gemanipuleer kan word;
   (v) samestelling van konsep finansiële state, wat die vaste bates insluit, moet twee weke voor die sperdatum van die indiening van die finansiële state gedoen word om betroubaarheid van inligting in die finansiële stelsel te verseker. Die konsep finansiële state moet dan aan die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee voorgelê word vir hersiening;
   (vi) indien die diensverskaffer, R-Data, nie kan voldoen aan die spesifikasies waaraan ‘n finansiële stelsel moet voldoen om mSCOA-gereed te wees nie, met ander woorde die gladde integrasie van data, wat vanaf een punt ingevoer word, met die finansiële stelsel, oorweging daaraan verleen word om in ‘n nuwe stelsel te belê.

4.4 AANSTELLING VAN WAARNEMENDE DIREKTEUR: ONTWIKKELINGSDIENSTE (4/3/2/1)

‘n Vakature ontstaan met die aftrede van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp, op 31 Desember 2018. Die vakature was op 24 November 2018 vir die tweede keer geadverteer, met die sluitingsdatum op 21 Desember 2018. Daar sal dus eers ‘n aanvang geneem kan word met die keuringsproses in 2019.

Die Munisipale Bestuurder het mnr A M Zaayman, die Snr Bestuurder: Bou-omgewing, wat oor die vereiste kwalifikasies ingevolge die artikel 56 van die Stelselswet beskik, genader om as Direkteur: Ontwikkelingsdienste waar te neem.

Rdl D B Philander, namens die ANC, teken beswaar aan dat daar nie ‘n amptenaar vanuit die aangewese groep genader is om waar te neem nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat mnr A M Zaayman, ingevolge Artikel 56 van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) met ingang vanaf 1 Januarie 2019 as Waarnemende Direkteur Ontwikkelingsdienste aangestel vir ‘n periode wat nie drie maande sal oorskry nie.

4.5 AANBEVELING OM DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE TE WYSIG (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van ’n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

4.5/...

Op beswaar van rdl D B Philander dat Swartland Munisipaliteit nie gelyke geleenthede bevorder nie, verduidelik die Munisipale Bestuurder dat die aftrede van die Superintendent in Malmesbury die geleentheid skep om die organisatoriese struktuur van die Departement Elektriese Ingenieursdienste te hersien. Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste het versoek om die pos van Superintendent: Malmesbury af te skaf en twee poste vir Elektrisiëns te skep. Sodoende kan gepoog word om geskikte kandidate vanuit die aangewese groepe aan te stel.

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M S I Goliath, gesekondeer deur raadsheer R F van der Westhuizen)

Dat die wysigings aan die organisatoriese struktuur met betrekking tot die Departement: Elektriese Ingenieursdienste vir implementering met ingang van 1 Januarie 2019 goedgekeur word.

GETEKEN:
SPEAKER